# EKSEGETIESE KANTTEKENINGE BY JOHANNES 13

JAN A DU RAND

## 1. ORIENTEREND

Die immergroen boodskap van die Nuwe Testament is geklee in sy eie taal (Grieks) en wêreldbeeld. En met 'n eie 20ste-eeuse wêreldbeeld, taal en begrippe-apparaat moet ons nou probeer deurdring tot die ver= staan van die bedoeling van die stuk Grieks voor ons. In hierdie ge= val die 38 verse van Johannes 13. Dit is en bly 'n boeiende avontuur en geskied vanuit 'n bepaalde metodologiese benadering waarin sekere metodes aangewend word.

Die vraag is: Wat wou die skrywer van Johannes 13 aan sy leserskring oordra en hoe moet ons dit vandag verstaan? Eksegetiese arbeid bring mee dat die werklike bedoeling van die skrywer so noukeurig en gekon= troleerd as moontlik bepaal moet word. Hiervoor is 'n eksegetiese metodologie nodig. Gedurende die afgelope twee dekades het daar merk= waardige ontwikkeling plaasgevind op die gebied van die linguistiek (algemene taalkunde), en meer spesifiek op die terrein van die seman= tiek (beteknisleer) van die Nuwe-Testamentiese Grieks. Ja, die nuwere taalkunde het die dissekteertassie van die Skrifuitlegger van vlym= skerp metodes voorsien. Een daarvan is om enige teks of paragraaf of hoofstuk binne sy breër verband te lees en te ontleed met die oog op die verstaan daarvan. Ook deur die strukturele ontleding (as hulp= apparaat in die semantiek) van 'n teks is ons in staat gestel om die gang van die opbou van gedagtes van die skrywer na te speur. Dit breek die Grieks oop vir verdere ontginning.

In hierdie beknopte artikel word gepoog om Johannes 13 oop te breek en die onderlinge verhoudinge van sy gang vas te stel en te benoem sonder om enigsins 'n volledige eksegese te probeer doen. Slegs die breë bane en riglyne word getrek. Ter wille van 'n wyer leserskring word die tegniese en taalkundige sake in die kombuis afgehandel om slegs die resultate smaakvoller en bevatliker op te skep.

## 2. VOëLVLUG OOR WYER VERBAND

Die 38 verse van Johannes 13 dryf nie as 'n literêre eiland rond tussen die res van die Evangelie volgens Johannes nie. Om selfs te praat van

raakpunte aan die res van die Evangelie is te effens gestel. Dit is eerder verweef met die breër verband waarin dit voorkom. Hoe lyk die breër verband? Die Johannesevangelie is pragtig gestruktureer. Ons kan dit in drie hoofdele indeel, naamlik 1:1 - 12:50 : Jesus se open=bare optrede; 13:1 - 17:26 : In afsondering met sy dissipels en 18:1 - 21:25 : Jesus se sterwe en opstanding. Die epiloog (hoofstuk 21) staan ietwat losser van die res.

As inleiding op sy openbare bediening beklemtoon die skrywer eers Jesus se menswording (1:1-18) wat ook die proloog of algemene inlei=ding tot die Evangelieverhaal genoem word. En daarmee saam beskryf hy dan die getuienis van Johannes die Doper aangaande Jesus. Dit lei weer tot Jesus se eerste dissipels (1:19-51). Wanneer Jesus voorge=stel is aan sy eie mense lees ons van die tekens wat Hy in die openbaar gedoen het en die gesprekke en redevoeringe wat daaruit gevolg het (2:1 - 11:57). Die eerste hoofdeel word dan afgesluit met hoofstuk 12:1-50 wat 'n samevattende evaluasie is van Jesus se openbare bedie=ning.

In die tweede hoofdeel is Jesus afgesonder saam met sy dissipels. Hy was hulle voete by die maaltyd en verduidelik die betekenis daarvan (13:1-30). Daarop volg dan die intieme afskeidsgesprekke (13:31 - 16:33) en die afskeidsgebed van Jesus (17:1-26).

En in die derde hoofdeel verskuif die fokus na Jesus se lyding en sterwe (18:1 - 19:42) en opstanding (20:1-29) met die addendum van verskynings wat daarop volg (21:1-25).

Johannes 13 is dus aanloop en deel van die sogenaamde afskeidsgesprekke van Jesus wat op die maaltyd volg (13:1 - 16:33). Die Johannese bood=skap in hoofstukke 13 - 17 is intieme en gelade. Die sentrale plek wat die maaltyd (hoofstuk 13) in die Johannesevangelie inneem, moet raak=gesien word. Jesus het Hom nou teruggetrek tot sy dissipelkring en Hy praat dingend met hulle. Sy woorde deurpriem hulle. Hulle Meester gaan weg en sy werk en boodskap moet voortgebou word. Uit dié afskeids=redes ontvang die dissipels en die gehoorsame agterblewende Kerk van Christus opgawe van sy toekomstaak. Jesus skroef die dissipels en die Kerk se skreefogies oop om gelowig en taakgerig die toekoms in te stap. Daarom moet ons ook mooi na die gebeure by die maaltyd kyk (13:1-30), want dit gee kleur en reliëf aan die gesprekke wat daaruit voortvloei.

## 3. OOPBREEK VAN NOUER VERBAND

Ruimte ontbreek om Johannes 13 volledig op 'n tafel voor ons oop te vou. Die breë lyne van 'n indeling daarvan is egter belangrik. Dit open verdere perspektiewe en word kortliks aangetoon. Slegs die vers= aanduidings word genoem met weglating van die cola en commata (vergelyk verder my *Johannes 13 : By die maaltyd*, 11-16).

Die 38 verse van Johannes 13 kan volgens die struktuuranalise in vier blokke verdeel en word saaklik soos volg benoem:

| | | |
|---|---|---|
| Blok A | (vers 1 ) : | Jesus gaan weg. Sy liefde vir sy eie. |
| Blok B | (verse 2-17) : | Die voetewassing en die interpretasies daarvan. |
| B 1 | (verse 2- 5) : | Die daad aan tafel. |
| B 2 | (verse 6-11) : | Eerste interpretasie in gesprek met Petrus : Simbolies van Jesus se dood. |
| B 3 | (verse 12-17) : | Tweede interpretasie in gesprek met die groep (dissipels) : Jesus se voorbeeld van diens. |
| Blok C | (verse 18-30) : | Die aankondiging van die verraad en ontmas= kering van die verraaier. |
| C 1 | (verse 18-20) : | Sinspeling op wat kom maar oproep om te vertrou. |
| C 2 | (verse 21-30) : | Die verraad aangekondig en Judas as verraaier ontmasker. |
| Blok D | (verse 31-38) : | Die aankondiging van Jesus se weggaan en Petrus se reaksie daarop. |
| D 1 | (verse 31-35) : | Jesus kondig sy weggaan direk aan en gee aan sy dissipels 'n "nuwe" opdrag. |
| D 2 | (verse 36-38) : | Petrus se reaksie daarop en die voorsegging van die verloëning. |

Let op die pragtige opbou soos blyk uit bogenoemde verkorte indeling: Eers sê die skrywer aan ons dat Jesus geweet het dat Hy moet "weggaan". Hy het ook sy "eie mense" wat agterbly baie lief (vgl. blok A). Dis tematies van die hele hoofstuk, naamlik Jesus se "weggaan" en sy liefde vir sy "eie mense" parallel aan die dissipels se agterbly en hulle liefde/ontrou teenoor Jesus.

In blok B word Jesus se goeie trou geïllustreer deur die daad van voete= wassing. Dit spreek die dissipels persoonlik aan en word deur tweërlei interpretasies daarvan (verse 6-11 en 12-17) verduidelik. Jesus se daad spreek boekdele.

Teenoor Jesus se trou en liefde (deur sy daad betoon) word die teenpool geïllustreer deur die optrede van Judas (vgl. blok C). Dit moet ver=

staan word teen die agtergrond van die tipiese Johannese dualisme: lig teenoor duisternis; liefde teenoor haat, en sõ kan 'n mens die pole opnoem. Aan Blok D skarnier die voorafgaande blokke A, B en C en dit dien ook as inleiding op hoofstuk 14. Jesus se weggaan is 'n akute werklikheid. Hy gee aan sy dissipels "vir oulaas" 'n "nuwe" opdrag om mekaar lief te hê (verse 31-35). Petrus se reaksie op Jesus se weggaan is die aanleiding en inleiding tot Jesus se bemoedigende woorde aan die begin van hoofstuk 14.

Die gebeure en gesprekke in hoofstuk 13 speel af teen die agtergrond van 'n verstaan van die betekenis van dissipelskap. Aan hulle wat agterbly, nadat Jesus weg is, moet sinvol inhoud gegee word. Hoe? Deur hulle optrede as ware en getroue dissipels. En dit kom tot stand deur die "liefde vir mekaar" (13:34). In die lig van wat hierbo gesê is, kan die indeling van hoofstuk 13 aan die hand van die tema: ware en negatiewe dissipelskap, ook sõ uitgebeeld word:

| | | |
|---|---|---|
| Verse 1 - 17 | : | Voorbeeld van *ware dissipelskap:* Jesus was die dissipels se voete. |
| Verse 18 - 30 | : | Voorbeeld van *negatiewe dissipelskap:* Judas se verraad. |
| Verse 31 - 35 | : | Kenteken van *ware dissipelskap:* Die "nuwe" opdrag. |
| Verse 36 - 38 | : | Voorbeeld van *negatiewe dissipelskap:* Petrus se verloëning voorsê. |

So 'n skema mag nooit verabsoluteer word as die enigste nie. Dit bied egter tog 'n raamwerk as sleutel vir die verstaan van Johannes 13. Die fokus val op Jesus wat deur woord en daad die ware intensiteit van dissipelskap demonstreer: "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê" (13:34). Hy is die model en fundering van ware dissipel=skap. Daarteenoor laat Judas en Petrus hulle koppe sak oor hulle mis=lukte pogings om getrou te bly aan Jesus se selfverloënende voorbeeld.

## 4. VERDERE EKSEGETIESE OPMERKINGS

### 4.1 Die voorafgaande

Jesus se openbare optrede (hoofstukke 1-12) is met ongeloof en haat begroet deur die Jode sodat Hy van hulle af weggegaan en Hom vir hulle verberg het (12:36). Die Jode het trouens al klaar besluit om Jesus dood te maak en het Hom voëlvry verklaar (11:57). In Joh 12:37-43 lees ons nogeens van die ongelowige reaksie op Jesus se bediening en in verse 44-50 van dieselfde hoofstuk kry ons 'n samevatting in per=

spektiefbeeld van Jesus se bediening self, naamlik dat Hy self as persoon asook dit wat Hy doen van die Vader kom. Dit is die Vader wat aan Hom opgedra het wat Hy moet praat (12:49).

4.2 Johannes 13 self

Die volgende eksegetiese kanttekeninge pas in langs die vier blokke volgens die struktuuranalise.

Blok A (vers 1) vorm, volgens die analise, 'n afsonderlike en self=standige eenheid: Dit moet gelees en verstaan word as 'n inleiding in die kleine op die tweede hoofdeel (hoofstukke 13-17), net soos 1:1-18 dit is van hoofstukke 1-12. Veral twee sake geniet aandag in blok A en dit is Jesus se bewuste wete dat die tyd nou vir Hom aangebreek het om na sy Vader te gaan. Sy optrede en woorde staan inderdaad alreeds afgeëts teen die skadu van sy kruisdood. En die tweede saak staan in verand met die eerste, naamlik sy grenslose liefde vir sy "eie mense". Dit is immers die motivering in die Vader=hart vir die sending van sy Seun na die wêreld (vergelyk 3:16). Aan die een kant staan Jesus en sy "eie mense" wat moet agterbly in die wêreld en aan die ander kant die "owerste van hierdie wêreld" en sy volgelinge. In Jesus se uur van weggaan val sy oog nogeens op sy "eie mense", diegene wat aan Hom behoort en sy stem ken. Vir hulle lê Hy weldra ook sy lewe af as hoogste offer van sy liefde vir hulle.

In Blok B (verse 2-17) lees ons van die daad van voetewassing self (verse2-5) en die twee daaropvolgende interpretasies daarvan, naamlik verse 6-11 (aan Petrus) en 12-17 (aan al die dissipels). Die gebeur=tenis aan tafel is 'n Christologiese teken. Jesus se optrede (verse 3-5) word skrilhelder gekontrasteer met dit wat in Judas se hart broei (vers 2b). Soos die Ou Testamentiese profeet se optrede dikwels gedien het as 'n simboliese teken om 'n boodskap aan die volk oor te dra, sŏ doen Jesus 'n teken voor die oë van sy dissipels. Hulle sal dit egter eers ten volle begryp nā sy opstanding.

Die eerste interpretasie van die voetewassing in die gesprek met Petrus (verse 6-11) is pragtig gestruktureer in 'n vraag- en antwoord=skema. Petrus stel driemaal 'n vraag (of opmerking) en Jesus reageer driemaal. Dit herinner aan dieselfde drieledige patroon van die ge=sprek tussen Jesus en Petrus in Johannes 21. Let veral in verse 6-11 op na die herhaling van die name Jesus (verse 7, 8 en 10) en Petrus

(verse 6, 8 en 9) en die term vir "was". Die herhaling skep seman=tiese ritme en beklemtoning. Ook die nadruk op "begryp" en "verstaan" in vers 7 ten opsigte van Petrus teenoor Jesus wat "weet" wie Hom gaan verraai (vers 11).

Die dramatisering in verse 6-11 word opgebou rondom Petrus se vrae of heftige reaksies en Jesus se antwoorde dan daarop. Eers vra Petrus verontwaardig: "Gaan u my was?", en dan sy driftige weiering: "U sal nie my voete was nie!" (vers 8) en ten slotte die impulsiewe "Was asseblief alles" (vers 9). Jesus begelei Petrus vanaf die beklem=toning van die simboliese aard van sy optrede (vers 7) na die sim=boliese *betekenis* daarvan (vers 8) en laastens na die simboliese re=sultaat van sy optrede dat hulle nou "skoon" is (vers 10). Die belangrike draaipunt in die gesprek ten opsigte van Petrus is vasge=lê in die "deel hê" aan Jesus (vers 8) en dit wil die skrywer juis beklemtoon. In hierdie gesprek vind ons die Johannese weergawe van Petrus se weerstand teen Jesus se lyding en sterwe (vergelyk Mark 8: 32). Volgens bogenoemde interpretasie dui die voetewassing simbo=lies op Jesus se dood.

Die tweede interpretasie van die voetewassing word geklee in 'n ge=sprek tussen Jesus en al die dissipels (verse 12-17). Die voete=wassing word verduidelik as 'n voorbeeld van diensbetoon en nederig=heid. Die twee interpretasies vul mekaar mooi aan. Dit is juis hulle wat deur Jesus se sterwe "skoongemaak" is wat mekaar in liefde=betoon en nederigheid dien. Jesus lê immers sy lewe vir sy vriende af en die vriende moet weer op hulle beurt die onderlinge liefde be=oefen (vergelyk 15: 13, 14). Die herhaling van sekere terme benadruk die bedoeling wat die skrywer beoog byvoorbeeld "verstaan" (vers 12), "weet" (vers 17), "was" (verse 12, 14), "voete" (verse 12, 15, 17) en "doen" (verse 12, 15, 17). Die vraag in vers 12: "Verstaan julle?" korrespondeer met die antwoord van Jesus in vers 17: "Julle weet dit nou" - Doen dit! Net só is die beklemtoning van die gesagsaf=stand tussen Jesus en sy dissipels in vers 13 met dié in vers 16 te vergelyk en die herhaling van die appèl op grond van Jesus se voor=beeld in verse 14 en 15. Dit vorm 'n herhalende patroon abccba waar a die vraag/antwoord aandui, b die gesagsafstand en c die appèl. So=danige herhaling het Jesus se diensbetoon beklemtoon. Ten spyte van die gesagsafstand tussen Jesus en sy dissipels was Jesus as die meerdere hulle voete. Die dissipels moet ook so gaan doen (verse 14 en 15).

Nā die beskrywing van die voetewassing en die twee interpretasies daarvan word die logiese gang van Jesus se optrede en redevoering doelbewus onderbreek om eers die verraad te ontmasker (blok C, verse 18-30). Judas se optrede as teenpool teenoor dié van Jesus moet eers volgens tipiese Johannese dualistiese wyse die voorafgaande in re= liëf plaas. Judas se optrede word as die voorbeeld van 'n ontroue dissipel aan die kaak gestel.

Verse 18-20 dien as oorgang tot verse 21-30. Jesus moes die verraad deur Judas aanvaar omdat die Skrif vervul moes word. Jesus maak ook sy dissipels bewus van enige moontlike gebeurlikheid (vers 19). Hy bly egter meester van die situasie en bemoedig die dissipels.

In verse 21-30 word Judas as die verraaier uitgeken deur middel van 'n voorval waar 'n stukkie brood wat in die sous gedoop is aan hom gegee word deur Jesus. Ons vind 'n pragtige opbou rondom Jesus se woorde, die dissipels se reaksie daarop en Judas se optrede self.

In verse 22-25 reageer die dissipels in verslaenheid op Jesus se woorde (van vers 21) dat een van hulle Hom sal verraai. By hulle ontbrand toe onmiddellik die vraag na die persoon wat so iets sou durf waag. Daaruit kan ons aflei dat Judas sy rol goed en onopge= merk gespeel het. Hy het trouens nog niks konkreet gedoen nie. In die volgende groepering verse, naamlik 26-27, word die verraaier voor almal se oë aan die kaak gestel. Dit is Judas. Nou behoort die dissipels mos te weet! Hulle kan dit egter nie verstaan nie, daarom die onwilligheid om dit te glo. Die misverstand by die dissipels straal uit verse 28-29. Die slottoneel van hierdie onder= deel beskryf die optrede van Judas. Hy vat koers die nag in (vers 30).

In blok D begin die afskeidsgesprekke formeel. Judas is uit. Die verlossingsdrama waarin Jesus die hoofrol speel het sy finale tafe= reel binnegegaan.

Verse 31-38 vorm die inleiding op die hele reeks afskeidsgesprekke. Sekere sake wat in die verse net genoem word, word later in die ge= sprekke verder uitgebou, byvoorbeeld die vraag na waar Jesus heen= gaan in vers 36 word eers in 16:6 beantwoord, naamlik na sy Vader. Die temas "liefhê" en "weggaan" (verse 33-35) klink ook in 16:4-33.

In verse 31-35 kondig Jesus eers sy weggaan uitdruklik aan en gee

aan sy dissipels 'n "nuwe" opdrag. Daarop volg dan die reaksie van Petrus en die voorsegging van die verloëning (verse 36-38).

Jesus se verheerliking is die doel waarop sy "uur" wat aangebreek het, afstuur (verse 31-32). Sy verheerliking impliseer die terug=keer na sy Vader. Deur sy sterwe en opstanding heen word Jesus ver=heerlik en verlaat Hy ook sy dissipels (vers 33). Die uitvoering van Jesus se "nuwe" opdrag om mekaar lief te hê (vers 34) sal die dissipels uitkenbaar maak (vers 35). Alhoewel sy weggan 'n leemte laat, moet die nakoming van die nuwe opdrag as kenteken van dissi=pelskap die agterbly van die dissipels sinvol maak. En net soos ware dissipelskap (navolging) sigbaar sal wees deur mekaar lief te hê, so word negatiewe dissipelskap sigbaar deur Petrus se optrede wat hier voorspel word in verse 36-38.

Hoofstuk 13 het begin met 'n daad by die maaltyd. Jesus was sy dissipels se voete. Deur twee interpretasies verduidelik Jesus die bedoeling daarvan, naamlik dat dit simbolies dui op sy sterwe asook op sy voorbeeld van diensbetoon vir die dissipels om na te volg. Die betekenis en inhoud van ware en ontroue dissipelskap ná Jesus se weggaan word sterk beklemtoon. Die voorspellings van Judas en Petrus se optredes skets die ontroue terwyl getroue dissipelskap sigbaar bly en in stand gehou word deur die kenteken, naamlik die onderhouding van die "nuwe" opdrag om mekaar lief te hê. Jesus se weggaan het vir sy dissipels nou 'n akute werklikheid geword. Voor=spellings van verraad en verloëning deur persone uit die binnekring het die opbou van geweldige ontsteltenis by die dissipels tot gevolg gehad. Daarom gaan Jesus in hoofstuk 14:1v voort en sê: "Julle moet nie ontsteld wees nie, glo", en wat volg.

## GERAADPLEEGDE LITERATUUR

Hoofsaaklik:

Du Rand, J A 1979 *Johannes 13: By die maaltyd*. Kaapstad/Pretoria: Academica. Vergelyk vir verdere literatuur, blad=sye 70-72.

Asook:

Behler, G M 1965 *The last discourse of Jesus* (vertaling). Baltimore-Dublin.

Boismard, M E 1964 "Le lavement des pieds (Jn XIII, 1-17)" *RB* 71,5-24.

Brown, R E 1970 *The Gospel according to John* (XIII-XXI). New York 541-616.

| | | |
|---|---|---|
| Deeks, D | 1968 | "The structure of the Fourth Gospel", *NTS* 15, 107-129 |
| Dodd, C H | 1968 | *The Interpretation of the Fourth Gospel* [8], Cambridge, 390-423. |
| Dunn, J D G | 1970 | "The Washing of the Disciples' Feet in John 13, 1-20", *ZNW* 61, 247-252. |
| Elderenbosch, P A | 1976 | *Het onderricht van de Messias,* 's Gravenhage, 117- 22. |
| Grossouw, W K | 1966 | "A note on John XIII, 1-3", *Nov T* 8, 124- 31. |
| Haring, N M | 1951 | "Historical notes on the interpretation of John 13:10", *BZ* 13, 355- 80. |
| Holwerda, D E | 1959 | *The Holy Spirit and Eschatology in the Gospel of John.* Kampen. |
| Kuhn, K G | 1957 | "The Lord's supper and the communal meal at Qumran", in: K Stendahl, *The Scrolls and the New Testament.* New York. |
| Lohse, W | 1967 | *Die Fusswaschung (Joh 13, 1-20) Eine Ge= schichte ihrer Deutung.* Erlangen. |
| Michl, J | 1959 | "Der Sinn der Fusswaschung", *Biblica* 40, 607-708. |
| Richter, G | 1967 | *Die Fusswaschung im Johannesevangelium.* Regensburg. |
| Richter, G | 1965 | "Die Fusswaschung Joh 13, 1-20", *MThZ* 16, 13-26. |
| Schnackenburg, R | 1957 | "Abschiedsreden Jesu" in *Lexikon für Theologie und Kirche I,* 68-69. |
| Schneider, J | 1958 | "Die Abschiedsreden Jesu", in *Gott und die Götter* (Festgabe E Fascher). Berlin, 103- 12. |
| Schwank, B | 1963 | "Einer von euch wird mich verraten (13,18-30)", *SuS* 28, 52-66. |
| Schwank, B | 1963 | "Der Weg zum Vater (13, 31-14, 11)", *SuS* 28, 100- 4. |
| Weiss, H | 1979 | "Foot washing in the Johannine community", *NT* 21, 4, 298-325. |
| Wilcox, M | 1969 | "The composition of John 13:21-30" in *Neotes= tamentica et Semitica,* in honor of M Black (ed E E Ellis). Edinburgh, 143- 56. |
| Zimmermann, H | 1967 | "Struktur und Aussageabsicht der johanneischen Abscheidsreden (Jo 13-17)", *BiLe* 8, 279- 90. |